Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Ismail Teladia**
Direktoraat: Kurrikulum AOO
Ismail.Teladia@westerncape.gov.za | 021 467 2199

Verwysing: 20230926-8304
Lêerno.: 21/2/5/2/ PLACEMENT OF TEACHERS

Kurrikulum AOO-minuut: 0012/2023

Aan: Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, VOO-koördineerders, AOO-koördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale van alle gewone openbare skole

**Onderwerp: Bestuur van aanstelling van onderwysers vir Lewensvaardighede en Lewensoriëntering**

1. Op grond van data wat ontvang is rakende die bestuur van die aanstelling van onderwysers vir Lewensvaardighede en Lewensoriëntering (LO), poog die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) om sekere areas wat geïdentifiseer is, te verbeter. Die WKOD belê baie geld in opleiding vir onderwysers wat Lewensvaardighede en LO onderrig om hul kennis en vaardighede te slyp en uit te brei en om nakoming van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) te verseker en die implementering daarvan te verbeter.

2. Dit het onder ons aandag gekom dat daar by sommige skole meer as 10 onderwysers is wat Lewensvaardighede en LO onderrig. In sommige gevalle, onderrig onderwysers wat opleiding en ondersteuning oor kritieke inhoud en vaardighede in Lewensvaardighede en LO ontvang het, nie meer hierdie vakke nie en is na 'n ander vak of departement verskuif. Hierdie omset van Lewensvaardighede- en LO-onderwysers by skole, tesame met die groot aantal onderwysers wat die vak by een enkele skool onderrig, is verontrustend en lei tot onstabiliteit in die vakke.

3. Dit is noodsaaklik om 'n kerngroep spesialisonderwysers vir Lewensvaardighede en LO by elke skool daar te stel wat sal verseker dat ons leerders sal baat by die lewensvaardighede wat hierdie onderwysers met hulle sal bespreek en behandel. Vir onderwysers is stabiliteit noodsaaklik om hul beste werk te kan lewer en om 'n omgewing te skep waarin leerders kan floreer.

4. In ooreenstemming met die KABV, is Lewensvaardighede en LO ingestel om vaardighede, kennis en waardes oor die self, die omgewing, verantwoordelike burgerskap, 'n gesonde en produktiewe lewe, sosiale betrokkenheid, ontspanning en fisieke aktiwiteit, loopbane en loopbaankeuses aan te spreek. Dit sluit geleenthede in om betrokke te raak by die ontwikkeling en toepassing van verskeie lewensvaardighede om probleme op te los, ingeligte besluite en keuses te maak en op gepaste wyse op te tree om sinvol en suksesvol in 'n vinnig veranderende samelewing te leef. Dit fokus nie slegs op kennis nie, maar beklemtoon ook die belangrikheid van die praktiese toepassing van hierdie vaardighede en waardes in werklike situasies, deelname aan fisieke aktiwiteit, asook gemeenskapsorganisasies en -inisiatiewe.

5. Lewensvaardighede en LO is as unieke vakke ingestel, wat 'n holistiese benadering tot die persoonlike, sosiale, intellektuele, emosionele, spirituele, motoriese en fisieke groei en ontwikkeling van leerders volg, asook die wyse waarop hierdie aspekte onderling verwant is en in die regte lewe uitdrukking vind. Dit moedig die ontwikkeling van gebalanseerde en selfversekerde leerders aan wat 'n bydrae tot 'n billike en demokratiese samelewing kan lewer, kan help om 'n produktiewe ekonomie te skep en die lewensgehalte vir almal te verbeter.

6. Prinsipale en skoolbestuurspanne (SBS'e) moet om die volgende redes geskik gekwalifiseerde en ervare Lewensvaardighede- en LO-onderwysers aanstel:
   - Loopbaanbeplanning is 'n area waar spesialisonderwysers vir LO nodig is om die vakinhoud met die leerders te behandel en te bespreek. Te veel leerders doen nie by Tegniese Beroepsonderwys- en Opleidingskolleges aansoek nie, of hulle kies die verkeerde kursusse omdat hulle nie behoorlike leiding van LO-onderwysers ontvang nie.
   - Liggaamlike Opvoeding is 'n kritieke komponent van die Lewensvaardighede- en LO-kurrikulums, wat in sommige skole afgeskeep word. Dit is nie slegs deel van leerders se holistiese ontwikkeling nie, maar ook 'n geleentheid vir leerders om hulself in 'n veilige ruimte fisiek uit te druk. Dit is ook 'n platform vir deelname aan skoolsport.
   - Bykomende onderwerpe in die Lewensvaardighede- en LO-kurrikulums wat 'n gefokusde benadering vereis, sluit in fisieke en kuberafknouery en boeliegedrag, kuberwelstand, konflikhantering, aspekte rakende verhoudings, hantering van siektes, blootstelling van leerders aan hul grondwetlike regte en verantwoordelikhede, die regte van ander en kwessies van diversiteit. Op grond van data van die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Welstand en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, is tienerswangerskappe en geslagsgebaseerde geweld in die provinsie aan die toeneem.
   - Die uitdagings van die rasse-, etniese en kulturele kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse klaskamer, asook die uitdagings wat landelike en stedelike armoede bied, is ook probleme wat aandag moet geniet in hierdie soeke na sinvolle verandering en sosiale kohesie in die samelewing. Doeltreffende Lewensvaardighede- en LO-onderwysers help om skole meer deelnemend en simpatiek te maak vir die geweldige uitdagings wat hulle in die gesig staar.

7. Die Wes-Kaapse Regering het 'n *Growth for Jobs Strategy* ontwikkel wat 'n omvattende, uitdagende en ambisieuse doel vir die Wes-Kaap uiteensit om die provinsiale ekonomie teen 2035 met 4–6% te laat groei. In die lig hiervan het die provinsiale kabinet LO as die dryfveer vir die WKOD se loopbaanfokus geïdentifiseer. Die LO-span het op hul beurt loopbaanklubs as die instrument geïdentifiseer om hierdie loopbaanfokus te bereik. Die doel van die loopbaanklubs is om loopbaanbewustheid te verhoog, die verkenning van loopbane te bevorder, by leerders 'n behoefte en ambisie vir hoër onderwys te skep, gemeenskapsvennootskappe en betrokkenheid van alumni te ontwikkel, professionele en mentornetwerke uit te brei, en alle kurrikulumintervensies te konsolideer om die beskikbaarstelling en ondersteuning van loopbaanbeplanning in die provinsie te versterk. Die doel is om dit deur middel van stimulerende besprekings, idees en aksies vir die toekoms van onderwys te bereik. Die loopbaanklubs is voornemens om samewerking tussen skole en onderwysvennote te versterk om sodoende loopbaanintervensies van hoë gehalte vir elke leerder, in elke klaskamer in elke skool in die Wes-Kaap te verseker.

8. Alle prinsipale en beheerliggame van openbare laerskole en hoërskole moet aan die vereistes in hierdie minuut voldoen.

9. Kringbestuurders moet verseker dat skole aan die vereistes wat hierin uiteengesit word voldoen wanneer die aanwending van onderwysers in skole goedgekeur word.

10. Indien u enige navrae het, tree asseblief met in verbinding met Ismail Teladia by 021 467 2199 of per e-pos by: ismail.teladia@westerncape.gov.za, of stuur 'n e-pos aan Ivan Fortuine by: ivan.fortuine@westerncape.gov.za.

11. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag te bring van SBS'e en alle Lewensvaardighede- en LO-onderwysers.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-11-01